Voorbidding:

GEROEP GEWILLIG GESTUUR

Wêreld: Kanada en die Verenigde State van Amerika. Slagoffers van terreur en geweld regoor die wêreld. Die Midde-Oosterse onstabiliteit en oorlog, die uitkring-effek daarvan op die res van die wêreld en die slagoffers weens aanvalle en teenaanvalle. Die beëindiging van die oorlog in Oekraïne en die slagoffers van beide Rusland en Oekraïne. Slagoffers van natuurrampe regoor die wêreld. Planne en wêreldwye samewerking om aardverwarming se pas te vertraag en moontlik om te keer, asook om plastiekbesoedeling te bekamp.

RSA & Dorp: Christengemeenskap - verskillende kerke en leiers, Christenmense in hulle werk- en leefplekke. Al die uitdagings waarmee ons land sukkel in basiese onderwys sowel as verdere opleiding. Oplossings vir die hoë misdaadsyfers, veral misdade teen onskuldige kinders en kwesbares. Bendegeweld, taxigeweld en slagoffers en gevolge daarvan in gemeenskappe. Hoop vir mense in gemeenskappe wat onder erge droogte gebuk gaan. Oplossings vir ons land se energie-krisis asook water– en sanitasie uitdagings. Politieke stabiliteit in ons land en wysheid en samewerking in die regering van eenheid. Die plaaslike regeringsverkiesing op 4 November. Deurbraak in die ondersoeke na die vrouemoorde aan die Oos-Rand en ondersteuning aan die slagoffers se geliefdes.

Gemeente & Kerk: Lidmate wat treur, siek en verswak is en diegene onder behandeling en aan die herstel. Dankbaarheid vir God se sorg. Gehoorsaamheid aan ons missie: Geroep, Gewillig, Gestuur. 'n Geseënde vierde kwartaal vir gesinne in 'n besige tyd van die jaar. Ons Matrieks wat besig is met hul laaste skooleksamen, asook hoërskoolkinders en studente wat eksamen skryf.

Baie geluk aan die volgende lidmaat wat vandag verjaar: Rozita Coetzee (Tortelduifstraat).

Teken in op ons E-Nuusbrief: Hoe gaan jy te werk? Besoek ons webwerf, www.stelwel.co.za, kliek op "kontak ons" en kies "teken aan op ons E-Nuusbrief". Volg die maklike stappe en siedaar, jy ontvang Vrydae 'n vriendelike hallo-sê van die kerkkantoor met al die nuus en waar jy betrokke kan raak!

Sonderbriekers draai briek aan op 5 November

Alle Sonderbriekers word uitgenooi om briek aan te draai en die jaar saam af te sluit met mooi musiek, nostalgie en feestelike Kersfeespoedings.

Wanneer? Donderdag, 5 Nov 10:30 vir 11:00

Waar? By die kerk

Wat om saam te bring? 'n 80/85 g sjokolade

Sit jou naam teen môre (2 Nov) op die lys by die kerkkantoor en kom kuier vir oulaas saam voordat ons die 2026-handrem optrek!

Hier herwin ons alles! In die vierkant by die houers, waar ons papier en glas herwin vir Huis Horison, is daar houers vir elektroniese en elektriese toerusting, asook vir energie-besparende gloeilampe, batterye en ou selfone. Jy kan selfs drukkers en ander rekenaartoerusting wat stukkend is, of elektroniese speelgoed met batterye in, bring. Dan kan jy ook klere, beddegoed, handdoeke en lappe (in 'n goeie toestand) bring, skoon joghurthouers (en ander skoon kosverpakkings waarin Voedingsaksie kos kan bedien) en ook huishoudelike items in 'n goeie toestand wat op die Wit Olifante Tafel verkoop kan word of aan die ACVV se winkel, Ampe Veniet, geskenk kan word. Sporttoerusting en boeke is ook welkom.

WEEKBLAD VAN DIE NG GEMEENTE STELLENBOSCH-WELGELEGEN

WELWEEK

Christus is die Here!
Daarom wil ons mekaar in verhoudinge opbou
Om so sy groot opdrag uit te leef.

1 November 2026

Koninkrykstyd & Graad 7-Sondag

Jaartema: SORG

Erediens & Kategese	09:30
Prediker	Elzanne van der Westhuizen
Tema	Om te doen is om te dien
Teks	Matteus 23:1-12
Kategese-samevatting	10:30 - in die kerksaal
Koinonia Kafee	10:30 - kuier verder saam in die vierkant
Tienerbyeenkoms	18:00 - tieners se afsluiting vir die jaar (leeskamer)
Nagmaal by Bonheur	18:00 - Danie Goosen

There and Back Again - 'n musikale reis met die Stellenbosch Madrigaalsangers

Kom geniet 'n middag van a capella musiek wat niks van jou vra nie - geen paspoort, geen bagasie, geen lang pad wat voorlê nie. Net 'n oop oor en die gewilligheid om oor eeue, genres, tale, en kulture meegevoer te word!

Datum: Sondag 8 November **Tyd**: 15:30 **Koste**: R150 (kaartjies by die deur)

Omkring solank **Sondag 29 November** en kom kuier saam na afloop van ons Kerssangdiens. Ons beplan 'n gemeente-bring-en-braai. Ons sal sorg vir die kole en ook die poeding! Meer inligting volg nader aan die tyd.

KOINONIA Kom drink 'n koppie tee of koffie by ons Koinonia kafee in die vierkant ná die erediens en kuier nog 'n bietjie saam! Dankie aan die skinkers!

Ons kantoorure is: Maandae - Vrydae van 08:00 tot 13:00

PROGRAM VIR DIE VOLGENDE WEEK: MAANDAG 02/11 TOT SONDAG 08/11

Di 03/11	**18:00**	**Adminkomitee vergadering:** in die kerkkantoor
Wo 04/11		**Plaaslike Regeringsverkiesing** *(kerkkantoor is gesluit)*
Do 05/11	**09:00 - 12:00** **10:00** **10:30 vir 11:00** **18:00**	**Naaldwerkbediening:** kom werk saam aan projekte wat die vroue van dié bediening aanpak. **Bybelstudie by Bonheur:** Danie Goosen **Sonderbriekers se afsluiting**: kerk en leeskamer **Strategiese Beplanningsvergadering:** die komitee gemoeid met eiendomme vergader (komiteekamer).
So 08/11	 **09:30** **10:30** **18:00**	**Koninkrykstyd** **Erediens & Kategese:** Danie Goosen **Koinonia Kafee & Kerkbiblioteek:** kuier saam in die vierkant en neem boeke uit by ons biblioteek. **Konsert in die kerk:** met die Madrigaalsangers

Die deuroffer vandag gaan aan Kinder- en Jeugsorgsentrums in ons Sinodale Streek: Daar is vyf kinder- en jeugsorgsentrums wat deel vorm van die 125 programme van Badisa. Die kinders is fisies en/of emosioneel mishandel en die pad na herstel is moeilik en moeisaam. Donateurs en vrywilligers word vir ondersteuning gevra aangesien die programme intensief en duur is. Bid asseblief vir die kinders en hul families en ook vir die personeel en vrywilligers.

November se Barmhartigheidstema fokus op kinders. Ons ook gaan voort met ons Kersprojek. Ons samel gedurende November voedsel, toiletware, skoonmaakmiddels en skryfbehoeftes in vir die Kersprojek. Die deuroffers gaan gedurende November aan Kinder- en Jeugsorgsentrums, Jamestown Sounds, Paarl Hospitaal se Neonatale Eenheid, Jeuguitreik en Stellenbosch Vigsaksie. Ondersteun ons Kersprojek en maak saam 'n groot verskil!

Betaal met SNAPSCAN
Onthou om 'n verwysing in te tik

Die deuroffer verlede week aan Utopia Tehuis vir Bejaardes was R2 832-50. ***Baie dankie!*** Volgende week se deuroffer gaan aan Jamestown Sounds.

Bankbesonderhede
Stellenbosch-Welgelegen NG Kerk (Nedbank)
Takno: 149 821 / 198 765 Rekno: 149 8046 320

NG Gemeente Stellenbosch-Welgelegen
Telefoon: 021 886 5975
E-pos: skriba@stelwel.co.za

Kersprojek 2026

Wat kan ons alles hierdie Kerstyd doen om met liefde hoop te bring in die lewens van minderbevoorregte, hooplose mense? Skenk 'n kospakkie of kruideniersware sodat ons ten minste 90 kospakkies kan saamstel. Koop toiletware soos seep, tandepaste, tandborsels en aanrol reukweerder. Jy kan ook hoenderstukke (boudjies en dytjies) skenk vir Nagskuiling, Safehouse en Jeuguitreik se Kersetes. Ons benodig ongeveer 80 stukke van elk! Indien aankope vir jou moeilik is, is jy welkom om 'n geldbydrae te maak - duidelik gemerk "KERSPROJEK". Ons is baie dankbaar vir elke inbetaling en dit word oordeelkundig gebruik om produkte aan te koop. Baie dankie aan almal wat alreeds bygedra het.

NUUSBROKKIES

Vanaf Januarie 2027 gaan hier weeklikse mamma-en-baba-groepies by ons kerksentrum aangebied word. Kontak Jessica of Santie by 076 065 0875 vir meer inligting.

'n Groepie vroue en hul afrigter oefen op Maandae, Woensdae en Vrydae van 08:00 tot 08:45 hier by die kerk. Indien jy deel van hierdie groepie wil word, kontak vir Connor by 082 895 0556. Die plan is om die oefenklasse uit te brei in 2027 en moontlik aandsessies by te voeg.

'n Bejaarde dame van Somerset-Wes is op soek na 'n tuinwoonstel vanaf Januarie 2027 hier in Stellenbosch. Kontak mev. Karin Hattingh by 073 5050 293 / niqa32@gmail.com indien jy haar kan help.

STUUR JOU NAAM EN VAN VIA WHATSAPP NA ONS NOMMER HIERBO EN ONS VOEG JOU BY DIE GROEP!

***Die B-Aksie het verskeie aflewerings hierdie week gedoen**. Jeuguitreik het somersklere, tydskrifte en boeke ontvang, Huis Horison het 8 pakke doeke en toiletware ontvang, by Hospice kon ons handdoeke, waslappe en nagklere afgee en by Nagskuiling 2 sakke skoene. Dan het Paul Roos Gimnasium 'n hele boks broodknippies en doppies ontvang, Safehouse het skoene, klere en tydskrifte ontvang en die ACVV het 9 sakke met klere en huisware vir hul Ampe Veniet-winkel kom haal.*

Huisgeloofblad vir gesinne - Gesinne wat 'n hulpmiddel soek om tuis saam te lees, gesels, doen en bid, is welkom om 'n Huisgeloofblad af te laai van ons webwerf (www.stelwel.co.za) of die DinkJeug-webwerf (www.dinkjeug.co.za), of kry die skakel in ons E-Nuus. Sondae is daar ook kopieë by die hoofingang beskikbaar om te neem.